## OOR BOEKE

**S.F. MALAN.** *1982. Politieke strominge onder die Afrikaners in die Vrystaatse Republiek.* Durban Butterworth: 313p. Bronnelys. Indeks. Prys: R18,95 eksklusief.

Die oorspronklike van hierdie werk onder die titel: *Politieke strominge onder die Vrystaatse Afrikaners 1868-1899,* is ter verkryging van die graad D.Litt. et Phil. aan die Universiteit van Suid-Afrika in 1980 ingedien. Die skrywer is tans medeprofessor aan genoemde Universiteit. Die eerste hoofstuk is egter 'n byvoeging tot die oorspronklike en behandel die vestiging van die Blankebeskawing tussen die Oranje- en Vaalrivier; dit is hoofsaaklik gebaseer op sekondêre bronne en die notule van die Vrystaatse Volksraad. In die voorwoord word die doelstellings soos volg vermeld: ". . . om politieke reaksies en politieke groeperinge onder die Vrystaatse Afrikaners te ontleed. Die reaksie het hom op talle terreine openbaar, maar vir die doel van hierdie ondersoek word op die staatkundige, ekonomiese en taalkundig-kulturele terreine gekonsentreer. Hoewel die verskynsel van Afrikaner-Nasionalisme betrek word, is hierdie nie 'n studie van die stroming as sodanig nie".

Die skrywer behandel op insiggewende wyse die Vrystaatse tussenstaatlike verhoudings met die Zuid-Afrikaanse Republiek, Natal en die Kaapkolonie, wat *ipso facto* die verhouding met Groot-Brittanje betrek. In die werk word op die voortdurende wrywing tussen Afrikanerrepublikanisme en Britse imperialisme gewys, wat uiteindelik op die gewapende konflik aan die einde van die negentiende eeu uitgeloop het.

Daar is baie sorgvuldig navorsing van argivale bronne, gepubliseerd en ongepubliseerd, in die Vrystaat, Kaapprovinsie en in Transvaal gedoen en noukeurig gedokumenteer. Voorts is byna alle sekondêre werke wat enigsins op die onderwerp betrekking het, geraadpleeg; tog is dit eienaardig dat die skrywer so 'n belangrike werk soos die van T.B. Barlow. *The life and times of president Brand* (1972) nie in die bronnelys vermeld nie.

Die geskiedenis van die Afrikanerbond in die Kaapkolonie, sy rol op kulturele maar veral op politieke gebied het in die verlede baie aandag van wetenskaplike historici, byvoorbeeld Davenport, Grundlingh en andere geniet. Wat die Vrystaat betref, is nog weinig wetenskapliks in hierdie verband gepubliseer. Dit is dus verblydend dat Malan in hierdie werk volle aandag aan die Afrikanerbond in die OVS gee; dit vul beslis 'n leemte in die

Suid-Afrikaanse historiografie, en om hierdie rede alleen moet die werk al groot lof verdien.

In hoofstuk 4 en 5 gee die skrywer 'n ongunstige beeld van president Brand as sou hy baie by die Vrystaters ongewild gewees het omdat hy 'n Britse Ridderorde aanvaar het (p. 98—100), afsydig teenoor die Afrikanerbond gestaan het (p. 131 en p. 122) en afwysend teenoor Afrikanerrepublikanisme. Sy strewe was nie 'n nouer aansluiting met die ZAR nie maar 'n verenigde Suid-Afrika en die samesmelting van die Blankerassegroepe (p. 124). Verder sou hy die wense van sy eie burgers geminag het (p. 145 en p. 153—155). Tog het Brand in 1866 na die bedanking van J. N. Boshoff en die kortstondige *interregnum* van M.W. Pretorius die taak op hom geneem om die OVS tot 'n modelrepubliek te ontwikkel. As gevolg van die Basoeto-oorloë het die OVS in 'n benarde posisie verkeer, en dit is aan Brand te danke dat hulle moed geskep het om die stryd voort te sit. Met die Diamantveldkwessie was Brand vir die Vrystaters 'n steunpilaar en het hy vir die jong staat gered wat nog te redde was. Met die skielike heengaan van Brand, einde 1888, was die Vrystaters verslae; daar was 'n noue band tussen hom en die burgers, en vir hulle was hy 'n patriargale figuur wat die fondamente van die Republiek stewig gelê het. Die hardnekkigste teenstander van Brand se beleid het tog groot agting vir die President gehad. Op die positiewe aspekte van Brand se beleid lê Malan nie genoeg klem nie. Hy erken egter dat in "die sestiger jare . . . middelpuntvliedende kragte deur president J.H. Brand se bekwame leiding effektief hok geslaan is" (p. 308) en ofskoon sommige Vrystaters skerp van hom verskil het, is hy tog "vader des volks" genoem (p. 311).

In die verkiesing na die afsterwe van Brand het Reitz, as kandidaat vir die presidentskap, aansluiting by die ZAR voorgestaan, en so die steun van die meerderheid van die kiesers gewen. Hy het te doen gehad met politieke strominge wat gesentreer het in die spoorweg- en doanekwessies waarby verskillende gebiede in die OVS hulle eie voordeel gesoek het. Die skrywer staan baie simpatiek teenoor president Reitz en loof sy republikanisme en toenadering tot die ZAR. 'n Verdere stroming was die trekke uit Suid- en Oos-Vrystaat na Banjailand, Mashonaland, Angola ens., wat emosies gaande gemaak het. Die aangeleenthede word duidelik uiteengesit.
Kort na die bedanking van Reitz om gesondheidsredes, November 1895, en voordat 'n nuwe president gekies is, vind die Jamesoninval plaas. Dit het skokgolwe deur die OVS gestuur. Die reaksie van die Uitvoerende Raad was versigtig pro-ZAR, en die Volksraad, wat op 10 Januarie 1896 vir 'n buitengewone sitting bymekaar gekom het, het sterk simpatie met die ZAR getoon en die optrede van die BSA Company as "barbaarsch" bestempel.

Die Volksraad het hom verbind om in tyd van nood die ZAR selfs militêr te help. Wat die gewone burgers betref het die meerderheid dadelik gereageer toe hulle opgekommandeer is om die Vaalgrens te gaan patroleer, maar ander het diens geweier.

Voordat die emosies in verband met die Jamesoninval kon bedaar, het die verkiesing van 'n nuwe Vrystaatse president op 19 Februarie 1896 plaasgevind. M.T. Steyn het 'n klinkende oorwinning oor sy vernaamste opponent, J.G. Fraser, behaal. Hy het hom ten doel gestel om grondwetlike veranderings aan te bring, om van sy land 'n ware volksdemokrasie te maak en verder om die land teen gevare van buite te beskerm deur in sy woorde "het vaandel van republikanisme hoog (te) houden en hoog zullen houden" (p. 239).

Die Steynperiode val saam met die naweë van die Jamesoninval en dié se invloed op die politieke strominge in die OVS. Die Vrystaters dring aan op eenwording met die ZAR; hulle gee meer aandag aan bewapening, die verhoging van stem- en burgerregkwalifikasies, oorname van die hoofspoorweg en die verset teen verengelsing. Kortom, Britse Imperialisme kom teen Afrikanernasionalisme te staan. In die behandeling van hierdie strominge maak Malan hoofsaaklik van argivale materiaal gebruik en ontgin hy voorheen nog ongeraadpleegde bronne. Deur die wetenskaplike hantering van sy materiaal lewer hy 'n belangrike bydrae tot die historiografie van die Vrystaatse geskiedenis.

Malan werp baie lig op die meganisme van die Vrystaatse staatsinstellings en wys veral op die veelvuldige gebruik van memories aan die Volksraad as uiting van die volkswil. Hierdie memories gee 'n duidelike aanduiding van die politieke klimaat in die OVS ten opsigte van, byvoorbeeld, die eenheidstrewe met die ZAR, samewerking met die Kaapkolonie en Natal, spoorweë, onderwys en miskenning van Nederlands as amptelike taal, ens.

Malan beskik oor 'n aangename skryfwyse en die werk lees vlot en prikkelend. Enkele ietwat plat uitdrukkings wat nie by 'n akademiese proefskrif pas nie, is egter hinderlik, byvoorbeeld: die Bond se skemas is "afgeskiet" (p. 27), die Transvalers het "klein koppie getrek" (p. 29), die plat Anglisistiese uitdrukking "van die grond af kom" (p. 121), die duidelike Anglisisme "stappe neem" (p. 116 en 121) en die toutologie "ware feite" (p. 144). Die werk is van 'n indeks voorsien; dié gaan egter mank aan die feit dat te veel onder een hoof gegroepeer is, byvoorbeeld onder *Kruger, S.J.P.* is ongeveer dertig verwysings. Dit sou die naslaan van gegewens vergemaklik

het indien daar van onderafdelings by die inskrywings gebruik gemaak is.

Dit is jammer dat Malan hom te dikwels vir sy gevolgtrekkings op die uitlatings van briefskrywers in koerante verlaat; sulke menings kan nie sonder bevestiging uit ander bronne klakkeloos aanvaar word nie.

Die "Slotsom" waarmee die werk afgesluit word, is weldeurdag deurdat die verloop van Vrystaatse geskiedenis netjies saamgevat word; die hoofmomente en hulle wisselwerking in die Vrystaat self en hoe gebeure in buurlande Vrystaatse geskiedenis in hierdie jare beïnvloed het, word beklemtoon.

L.W.F. Grundlingh
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
Potchefstroom

• • •

## DIE UITDAGING VAN DIE NEO-MARXISME OP DIE GEBIED VAN DIE WETENSKAP.

*Instituut vir Reformatoriese Studie. 1982. Potchefstroom : PU vir CHO 193 p. R6,00.*

Behalwe die bydrae van H. Conradie was die bydraes vir hierdie versamelwerk oorspronklik referate wat gelewer is tydens die gesamentlike konferensie met dieselfde tema wat die IRS, VCHO, ACB, Koersvereniging en die Christelike Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika op 28 en 29 Januarie 1982 in Bloemfontein gehou het. Hoewel hierdie publikasie nie as leesstof vir beginners beskou kan word nie, bied dit ten spyte van die wisselende gehalte van die verskillende hoofstukke beslis 'n bydrae tot die literatuur oor die Neo-Marxisme in Afrikaans.

In sy *Nabetragting as inleiding* bied D.F.M. Strauss insiggewende agtergrond oor die geestelike bedding waaruit die Neo-Marxisme opgekom het. Deur die organiseerders van die konferensie is hy gevra om die gedagtes wat aan die einde van die besprekings deur hom geformuleer is, as inleiding tot hierdie referaatbundel te laat dien. In die volgende hoofstuk sien P. Brouwer in die opkoms van die Neo-Marxisme (vir wie teorie en nie-wetenskaplike praktyk naastenby een is) vir Christelike wetenskap en wysbegeerte die soveelste uitdaging om streng by die beginsel van soewereiniteit in eie kring te bly. Sy onnodige lang voetnote van dikwels meer as 'n halwe bladsy hinder by die lees van die teks en sy "beskawingsontwikkelingsperpektief" (p. 18), wat as teenvoeter vir die Neo-Marxistiese besinning in terme van 'n "philosophy of history" moet dien, word nie nader uitgespel nie.

W.P. Esterhuyse toon in sy hoofstuk oor *Die Neo-Marxistiese waardering van die boodskap en persoon van Jesus* op bevatlike wyse dat die herwaardering wat die godsdiens in die Neo-Marxisme ondergaan, juis 'n sekularisering van die betekenis van Jesus as voorbeeld vir (gewelddadige en revolusionêre) verandering in die samelewing inhou. As antwoord op die invloed van die Neo-Marxisme meen Esterhuyse dat in die bekamping daarvan op nie-wetenskaplike gebied die kerk voor 'n buitengewone uitdaging te staan kom. Hoewel die belangrike taak van die kerk in die stryd teen hierdie "nuwe humanisme" nie ontken kan word nie, wek Esterhuyse die indruk dat hy kerksentristies dink, aangesien hy naas ses verwysings na die rol van die kerk (p. 49, 50) op nie-teoretiese gebied aan geen ander samelewingsvorm 'n taak in die verband toeken nie.

Ten spyte van die a-institusionele denkklimaat van die Neo-Marxisme meen L.M. du Plessis (p. 72) dat hierdie denkstroming uiteindelik ook tot die regswetenskap 'n betekenisvolle bydrae lewer deur die kwesplekke in die huidige Westerse samelewing maatskappykrities aan die kaak te stel en dus tot 'n grondige herbesinning oor die kerngesondheid van die institusionele grondstrukture daarvan noop. Du Plessis (p. 52) se siening dat sistematiese besinning oor die regswetenskap en regsteorie by die Frankfortse Neo-Marxiste geheel en al ontbreek, word geloënstraf deur byvoorbeeld die werk van Franz Neumann, wat reeds in 1937 sy eerste bydrae tot die *Zeitschrift für Sozialforschung* gelewer het. Dat Du Plessis voorts "G.W.F. Hegel een van die intellektuele maestro's van die Aufklärung" (p. 61) noem, moet seker 'n glips wees.

J.J. Snyman toon aan dat veral Adorno swig voor die denkbeeld van 'n etiek in ballingskap, wat vanweë die oormag van die kwaad in die objektiewe struktuur van die samelewing uitmond in " 'n (selfs private) gesindheidsetiek" (p. 89), wat inhou dat die begeerte na iets beters nog net in die kuns leef. C.W. Bester gee in sy bydrae in breë trekke aandag aan die "kritiese" sosiologie in Duitsland en die "radikale" sosiologie in Amerika, wat in buitengewoon skerp samelewingskritiek aandring op praktiese betrokkenheid van die sosioloog ten opsigte van sosiale verandering. Hierdie sosioloë beoog dus nie slegs 'n teoretiese ontmaskering van die onderdrukkende "establishment" nie maar ook die verandering of revolusionêre omverwerping daarvan ten gunste van 'n samelewing wat maksimale geleenthede vir individuele vryheid en rasionaliteit bied in teenstelling met die visie van die struktuurfunksionalisme, waarvolgens die sisteem grotendeels die regte en vryhede van die individu bepaal. Juis hierin sien Bester 'n mate van verdienstelikheid in die sosiologiese beskouings van die kritiese en radikale sosioloë. Bester wek ten opsigte van die Duitse Neo-Marxiste wat hy bespreek, (in teenstelling met die bydraes van veral Van Veuren en Snyman) die indruk van oppervlakkigheid, en in sy weergawe van hulle standpunte maak hy ook hoofsaaklik van sekondêre bronne gebruik.

Die politieke teologie wat uit die kritiese resepsie van Neo-Marxistiese impulse in die Christelike teologie ontstaan het, word deur P. Jansen van Veuren veral aan die hand van die verhouding van Moltmann en Bloch opgehelder, en hy kritiseer by eersgenoemde die té maklike identifikasie van die kwaad (wat bestaan in die verstarde sosiale verhoudings wat die uitsig op God se eskatologiese toekoms versper) as sodanig eenduidig sonder om self te besin oor die stryd tussen tradisie en vernuwing en oor die probleem van die bewaring van verworwe vryhede. Hoewel O.A. Henning in sy hoofstuk oor

die uitdaging van die Neo-Marxisme in die onderwys en opvoeding Neo-Marxiste soos Bott, Gamm, Mollenhauer en Bloch krities waarderend bespreek, gaan hy ongelukkig verby aan die belangrike bydraes van Adorno in sy *Erziehung zur Mündigkeit* (Suhrkamp, Frankfurt am Main, 1971).

In sy evaluering van die Neo-Marxistiese kriminologie kritiseer H. Conradie die kortsigtige eensydighede in die verduideliking van die samelewingsorde en die misdaad wat daaruit voortkom. Die misdaad word enersyds verpolitiseer deurdat die oorsprong daarvan in die politieke patologie van die kapitalisme gesoek word en andersyds verekonomiseer vir sover privaatbesit as oeroorsaak daarvan gesien word. Conradie se eie standpunt dat misdaad nie juridies nie maar kriminologies gedefinieer moet word, kan gewaardeer word. Sy siening dat "die misdadiger eintlik alle mense is vir sover alle mense sondaars is — in elk geval vir sover sonde en misdaad saamval" (p. 158) vra egter 'n nadere aanduiding van wanneer sonde en misdaad dan wel saamval. Sy poging om 'n kriterium aan te gee, nl. dat die lid van 'n bepaalde samelewingsvorm misdadig is wanneer dit "vir ander mense (en vir die betrokke gemeenskap of groep) gevaarlik word" (p. 158), bly egter vaag en daarmee ook sy kriminologiese definisie van misdaad.

Op een lyn met Brouwer se siening kritiseer E.P. Beukes in die slotbydrae die Neo-Marxistiese verpolitisering van die wetenskap, wat 'n ontoelaatbare uitwissing van die grense en strukturele onderskeid tussen hierdie twee terreine in die samelewing meebring. Nogtans gaan daar van die Neo-Marxiste 'n uitdaging uit na Christene in Suid-Afrika en veral in die elemente van kritiek waarin die sogenaamde vryemarkekonomie-opvatting niks anders as 'n ideologiese regverdiging vir 'n bepaalde patroon van bevoorregting in 'n samelewing is nie. Beukes wys terselfdertyd een of ander vorm van sosialisme as model vir die ontwikkelende lande af en beklemtoon die noodsaaklikheid van herbesinning deur Christene oor die betekenis van sowel die denkbeelde van historiese ontwikkeling as die ekonomiese komponent daarvan. Met Goudzwaard (*Capitalism and Progress*, Toronto, Wedge, 1980) kritiseer hy die Westerse vooruitgangsgeloof wat (kapitalisties en sosialisties) vanuit 'n verabsolutering van die ekonomiese dimensie tot oor- of wanontwikkeling gelei het. Naas Esterhuyse bied Beukes die enigste poging om 'n antwoord te vind op die vraag wat Neo-Marxisme is in onderskeiding van die ortodokser vorme van Marxisme.

Wat die tegniese versorging aanbetref, kon die onnodig baie drukfoute deur deegliker proeflesing vermy gewees het. Op p. 37 is daar byvoorbeeld sprake van S.U. Zuideman en op p. 75 van S.U. Suidema; op p. 29 is 'n gedeelte

van voetnoot 39 weggelaat sodat dit onverstaanbaar is; op p. 107 verwys Bester na 'n werk van Berger (deur slegs die jaartal en bladsye te vermeld), wat in die bibliografie weggelaat is, ens. Wat die verwysingstegniek aanbetref, is daar geen eenvormigheid nie, wat seker daardeur verklaar kan word dat die bydraes oorspronklik referate was en in hulle oorspronklike vorm vir publikasie in die bundel opgeneem is.

As bydrae tot die diskussie rondom die Neo-Marxisme en sy uitwaaiering in wetenskappe soos die wysbegeerte, teologie, regswetenskap, sosiologie, etiek, opvoedkunde, kriminologie en ekonomie toon hierdie werk verdienstelikheid wat sekerlik nie verontagsaam mag word nie. Wat hierdie werk nog waardevoller maak, is dat vanuit die reformatoriese denkwêreld kritiek gelewer word waarin deurgaans gewys is op die uitdaging wat die Neo-Marxisme aan hierdie denkwêreld bied. Diegene wat reeds hiervan bewus is, asook diegene wat nog nie daarvan oortuig is nie, kan hierdie referaatbundel nie verbygaan nie. Dank moet daarom teenoor die IRS daarvoor uitgespreek word dat hierdie referate in hierdie vorm beskikbaar gestel word.

P.J. van Niekerk

* * *